higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEBEDRYWIGHEDE
NKR VLAK 4

(11011074)

17 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 5 addenda.

522Q1N2217

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. VRAAG 3.2 moet op ADDENDUM B (aangeheg) beantwoord word. Skryf jou EKSAMENNOMMER op die addendum, maak dit van die vraestel los en lewer dit saam met die ANTWOORDBOEK in.

5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Persentasie wat by die koste van ’n diens gevoeg word om by ’n verkoopsprys uit te kom.	A	kommissie
1.1.2	Die vinnigste manier om geld na alle vernaamste lande ter wêreld te stuur.	B	versekerde
1.1.3	Die maatskappy wat dekking aan ’n reisiger bied in die geval van onvoorsiene situasies	C	prysopslag
1.1.4	Dit staan soms ook bekend as ’n beloning vir dienste ontvang	D	fooitjiestelsel
1.1.5	’n Tarief wat aan ’n agent betaal word, gewoonlik uitgedruk as ’n persentasie van die toerkoste	E	elektronies
		F	versekeraar

(5 × 1) (5)

1.2 Verduidelik elk van die volgende reisprogramme:

1.2.1 Spil-en-speek-reisplan

1.2.2 Sirkelreisplan (2 × 2) (4)

1.3 Verduidelik kortliks die term *diskresionêre toelae.* (2)

1.4 Mnr en mev Thompson wil na Europa reis met hul twee kinders, 18 en 14 jaar oud.

Bereken die reistoelae wat die gesin benodig. Toon al die berekeninge. (5)

1.5 Jy raai mnr Thompson aan om geld vir hul reis in die vorm van reisigerstjeks saam te neem.

1.5.1 Noem TWEE voordele van reisigerstjeks. (2)

1.5.2 Noem TWEE dokumente wat benodig word wanneer jy reisigerstjeks koop. (2)

1.5.3 Gee VYR riglyne aan jou kliënt oor hoe om reisigerstjeks in kontant om te sit. (5)

1.5.4 Hoe lank voor hulle met vakansie vertrek kan hulle buitelandse valuta koop? (1)

Kopiereg voorbehou

1.5.5 Verwys na ADDENDUM A (aangeheg) en bereken hoeveel geld mnr Thompson sal ontvang wanneer hy buitelandse valuta koop.

(a) ZAR20 000 in CHF-reisigerstjeks

(b) ZAR35 000 in EUR-reisigerstjeks

(c) ZAR10 000 in GBP-reisigerstjeks

(d) ZAR5 000 in EUR-kontant

(4 × 3) (12)

1.5.6 Noem TWEE bronne wat geraadpleeg kan word om inligting oor buitelandse valuta te bekom. (2)

[40]

VRAAG 2

2.1 Wanneer die reisagent 'n toer organiseer, moet hy/sy die koste van die toer bereken. Vir die berekening oorweeg die agent sowel vaste as veranderlike koste.

2.1.1 Verduidelik die verskil tussen die volgende tipes koste en gee EEN voorbeeld van elke tipe:

(a) Vaste koste

(b) Veranderlike koste

(2 × 2) (4)

2.1.2 Dui aan of die volgende *'Vaste'* koste of *'Veranderlike'* koste is.

(a) Maaltye

(b) Salarisse

(c) Lugreisgeld

(d) Huurgeld

(e) Reklameuitgawes

(5 × 2) (10)

2.1.3 Nadat jy die toerpakket aan die kliënt voorgelê het, oorweeg jy maniere om die prys van die pakket te verminder.

Noem VYF maniere waarop die prys verminder kan word. (5)

2.1.4 Noem VYF spesiale toerkomponente wat 'n agent as 'n bonus vir die reisigers by 'n toer kan insluit. (5)

2.2 Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

avontuurtoer; IT; GIT; vlieg-bootreis; bootreis; vlieg-ry; spesifieke-belangstellingtoer; doelgemaakte toer

2.2.1 Jy het ’n toer na China beplan vir ’n groep dames wat Chinese kookkuns wil ervaar.

2.2.2 Hierdie toer is gerig op jongmense wat abseil, rekspring en witwaterry geniet.

2.2.3 Jy het ’n toer vir ’n kliënt beplan wat ’n retoervlug van Kaapstad na Italië en ’n reis deur Italië met ’n gehuurde motor insluit.

2.2.4 Jy het ’n toer vir ’n groep skoolverlaters op die MSC Sinfonia passasierskip van Kaapstad na Durban bespreek.

2.2.5 Hierdie tipe toer word beplan vir ’n groep reisigers en sluit die elemente vervoer, akkommodasie, maaltye en besigtiging in.

(5 × 2) (10)

2.3 Noem SES riglyne, in ’n logiese volgorde, wat gevolg word wanneer jy ’n reisprogram saamstel. (6) **[40]**

VRAAG 3

Die plaaslike laerskool het jou genader om ’n 7-dag-toer vir ’n groep Graad 7-leerders na die Augrabieswaterval en Oranjerivier tydens die Septemberskoolvakansie saam te stel. Op pad wil hulle Kimberley besoek om die geskiedenis van die goudmynbougebied te ervaar. Hulle het ’n begroting van R8 500 per leerder.

Die groep wil ’n opleidingsessie vir skoolkinders in ’n landelike gebied aanbied en daaraan deelneem. Die opleiding sluit hokkie, rugby en netbal in.

Koste is soos volg:

Vervoer	R4 000
Akkommodasie vir 2 nagte in Kimberley	R400 p/p p/nag
Maaltye	R100 p/dag
Toegang tot museum	R70 p/p
Witwaterry-ervaring	R2 500
Akkommodasie vir ander 6 nagte in tente langs Oranjerivier	
Toeslag	20%

3.1 Stel ’n toerraamwerk vir die groep saam. Noem SES punte en gee besonderhede vir elke punt. (6 × 2) (12)

3.2 Gebruik die koste wat in die bostaande tabel gegee word asook die kostestaat in ADDENDUM B (aangeheg) om die koste per persoon te bereken. (20)

3.3 3.3.1 Verwys na VRAAG 3.2. Is jy binne die skool se begroting? Antwoord '*ja*' of '*nee*'. (1)

3.3.2 Verduidelik jou antwoordkeuse in VRAAG 3.3.1. (2)

3.4 Noem VYF bronne wat jy sal gebruik om inligting te bekom oor die gebiede en lokaliteite wat in die bostaande gedeelte genoem word. (5)
[40]

VRAAG 4

4.1 Jy is 'n senior konsultant by Sunshine Travel and Tours. Een van jou kollegas het 'n toer vir 'n groep van 30 mense saamgestel en die koste bereken. Twee maande voor die vertrek het egter net 15 mense vir die toer bespreek.

Maak VIER voorstelle aan jou kollega oor wat om in hierdie omstandighede te doen sodat die toer nie teen 'n verlies georganiseer word nie. (4 × 2) (8)

4.2 Bestudeer die toere/aktiwiteite hier onder om die vrae te beantwoord:

Kayak Safaris: Hippo and Croc Kayak Safari

St Lucia, Zoeloeland en Olifantkus



St Lucia Kayak Safaris bied opwindende kajak-uitstappies aan in die iSimangaliso-vleilandpark, 'n UNESCO-wêrelderfenisterrein in St Lucia.



Spesialiteitsmuseum

Apartheidsmuseum, Johannesburg

Besoek die Apartheidsmuseum om Suid-Afrika se ryk en ontstuimige geskiedenis te verstaan.



Sederbergbewaringsgebied: Verken prehistoriese grottekeninge op ’n private, begeleide daguitstappie van Kaapstad af

Verken die Sederbergbewaringsgebied, tuiste van ’n ongelooflike galery van San-rotskuns, tydens hierdie daguitstappie van Kaapstad af.

Voldag- begeleide toer van Wieg van die Mensdom van Johannesburg of Pretoria af

Leef jou in in die geskiedenis van menslike lewe gedurende hierdie toer van die Wieg van die Mensdom wat van Johannesburg of Pretoria af aangebied word. Leer hoe die streek se geologie dit ’n spilpunt vir fossieloorblyfsels van mens- en aapvoorgeslagte asook baie uitgestorwe wesens gemaak het.

Kopiereg voorbehou

Panoramiese roete: Voldag- kleingroeptoer van Hazyview af

Wees gereed om verwonderd te wees oor sommige van die manjifiekste uitsigte op hierdie Kleingroep- Panoramiese Toer van Hazyview en omstreke in Mpumalanga. Dit is sonder twyfel een van die mooiste toere wat natuurliefhebbers ooit kan meemaak. Hulle kan die asemrowende watervalle, valleie, berge en riviere van die manjifieke Mpumalangastreek ervaar.

Noem die toer wat die beste by die volgende kliënte sal pas:

4.2.1 Mnr en mev Bean reis van Brittanje af om Suid-Afrika se pragtige natuurskoon te ervaar.

4.2.2 Mnr Stone is 'n argeoloog op soek na die geskiedenis van die oorsprong van mense.

4.2.3 Tessa hou van pret en avontuur en is vir niks bang nie.

4.2.4 Mnr Cock wil meer oor die geskiedenis van Suid-Afrika leer.

4.2.5 Yashika hou van staptogte en om prehistoriese kunswerke te verken. (5 × 2) (10)

4.3 As 'n verskaffer het jy regsaanspreeklikhede teenoor die kliënt en die groothandelaar.

4.3.1 Bespreek die regsaanspreeklikhede van 'n verskaffer. (3 × 2) (6)

4.3.2 Dit is belangrik dat 'n reisagent reisversekering aan 'n kliënt aanbeveel en hom/haar van die nodige inligting voorsien.

Verduidelik aan 'n kliënt die volgende versekeringsdekking wat tot hul beskikking is:

(a) Persoonlike aanspreeklikheid

(b) Beperking

(c) Persoonlike bagasie

(3 × 2) (6)

4.4 As 'n toeroperateur moet jy hotelbesprekings vir groepe maak.

Stel 'n kontrolelys saam as 'n riglyn wanneer jy 'n hotel vir 'n groep kies.

(5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 5

5.1 Verwys na ADDENDUM A (aangeheg) en beantwoord die volgende vrae:

Bepaal hoeveel geld mnr Langa van die bank sal ontvang as hy van sy vakansie terugkeer en die volgende geld omruil:

5.1.1 GBP100 in kontant

5.1.2 USD575 in reisigerstjeks

5.1.3 AED1100 in reisigerstjeks

5.1.4 Mnr Langa het 'n horlosie in Switserland gekoop. Sit die prys van die Fossil-horlosie in ZAR om ten einde te bereken of hy nie te veel geld aan die item bestee het nie.
Hy het CHF20 000 in reisigerstjeks betaal.

(4 × 3) (12)

5.2 Verduidelik kortliks die term *omnibustoelae*. (3)

5.3



[Bron: *https://weather-and-climate.com/*]

5.3.1 Bestudeer die weerkaart van Italië en dui aan watter tyd die beste is vir 'n kliënt om Italië te besoek. Gee TWEE redes vir die antwoord. (1 + 2) (3)

5.3.2 Watter maand het die hoogste reënval? (1)

5.3.3 Wat is die koudste maand in Italië? (1)

5.3.4 Gee TWEE redes waarom dit belangrik is om die klimaat en weer van 'n bestemming in ag te neem wanneer jy 'n vakansie beplan. (2)

5.4 Bestudeer ADDENDUM C (aangeheg) en beantwoord die vrae:

5.4.1 Noem die natuurramp in die artikel. (1)

5.4.2 Noem TWEE maniere waarop hierdie natuurramp passasiers geraak het wat van die stad se ondergrondse spoorwegstelsel gebruik maak. (2)

5.4.3 Verduidelik kortliks hoe om veranderinge in die geval van 'n natuurramp te hanteer. (3)

5.4.4 Gee TWEE redes waarom dit belangrik is om altyd vir kliënte redes te gee as jy wysigings of veranderinge aan hul reisprogram aanbring. (2)

5.5 Bestudeer ADDENDUM D (aangeheg) en kies die geskikste akkommodasie vir elke kliënt.

5.5.1 Mnr Karishne wil sy gesin gedurende die Junievakansie na die Krugerwildtuin toe neem.

5.5.2 Mnr Tshabalala wil akkommodasie naby die FNB-sokkerstadion vir die komende naweek hê.

5.5.3 Mnr Brandt wil sy vrou na Oos-Londen neem vir hul wittebrood en wil graag akkommodasie hê wat 'n uitsig oor die see bied.

5.5.4 'n Paartjie van die VSA soek akkommodasie so naby moontlik aan die wêreldberoemde ikoon, Tafelberg.

5.5.5 'n Paartjie soek akkommodasie in Mosselbaai vir die Desembervakansie en verkies akkommodasie wat 'n swembad het.

(5 × 2) (10)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A

Standard Bank

BUITELANDSEVALUTA-AANVANGSAANWYSING: TARIEWE VIR 02 November 2021 om 16:00

Tariewe vir bedrae tot R 200 000

Sluitingskoersgeskiedenis vir datum : Submit

		Bank koop			Bank verkoop	
Land	Geldeenheid	T/T	Tjeks	Buitelandse Note	Tjeks en T/T	Buitelandse Note
KWOTASIES OP GROND VAN RAND PER EENHEID VAN BUITELANDSE GELDEENHEID						
BRITSE POND	GBP	20.7583	20.7100	20.6358	21.2534	21.3484
EURO	EUR	17.6616	17.6094	17.5340	18.0956	18.1271
VERENIGDE STATE DOL	USD	15.2538	15.1851	15.2463	15.5713	15.5713
KWOTASIES OP GROND VAN BUITELANDSE GELDEENHEID PER R1						
VAE DIRHAM	AED	.2447		.2447	.2311	.2311
AUSTRALIESE DOLLAR	AUD	.0909	.0923	.0919	.0829	.0819
BRASILIAANSE REAAL	BRL	.3717			.3624	
BOTSWANA PULA	BWP	.8028	.8080	.8028	.6833	.6833
KANADESE DOLLAR	CAD	.0871	.0874	.0901	.0735	.0735
SWITSERSE FRANK	CHF	.0624	.0625	.0734	.0560	.0550
CHINESE JOEAN	CNY	.4657		.4280	.3630	.3906
TSJEGGIESE KORUNA	CZK	1.5345	2.2438		1.3248	
DEENSE KRONE	DKK	.4461	.4479		.3854	
EGIPTIESE POND	EGP	1.0540			.9810	
HONGKONG DOLLAR	HKD	.5286	.5317	.5806	.4793	.4793
HONGAARSE FORINT	HUF	20.9608			19.2113	
ISRAELSE SIKKEL	ILS	.2343		.2943	.1728	.1728
INDIESE ROEPEE	INR	5.0028	5.0420		4.6659	
JAPANNESE JEN	JPY	7.7451	7.7090	7.8951	7.0454	7.0354
KENIAANSE SJIELING	KES	7.6417	8.2167		6.7821	
SRI LANKA ROEPEE	LKR	13.3554	13.5613		12.8111	
LESOTHO LOTI	LSL	1.0000		1.0000	1.0000	1.0000
MAURITIAANSE ROEPEE	MUR	2.9798	2.9455	2.9848	2.6421	2.6421
MALAWIESE KWACHA	MWK	54.9769	55.9891		50.5684	
MEXIKAANSE PESO	MXN	1.3568			1.3268	
MOSAMBIEKSE METICAL	MZN	4.4235			3.8801	4.1044
NOORWEEGSE KROON	NOK	.5781	.5801		.5184	
NIEU-SEELAND DOLLAR	NZD	.0972	.0993	.1012	.0846	.0831
SWEEDSE KROON	SEK	.5800	.5822		.5263	
SINGAPOER-DOLLAR	SGD	.0941	.0944	.1026	.0805	.0805
THAISE BAHT	THB	2.4468	2.2504	2.5186	1.8615	1.8644
TUNISIESE DINAR	TND	.1827			.1814	

[Bron: https://ws15.standardbank.co.za/finSnapShot/GetforexServlet]

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM B

EKSAMENNOMMER:

VRAAG 3.2

KOSTESTAAT

KOMPONENT	ITEM	SPESIFIEK	BEDRAG	TOTAAL
Koste	**Akkommodasie**			
	Vervoer			
	Maaltye			
	Besienswaardig hede/attraksies			
Subtotaal				
Toeslag				
Totaal				

(20)

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM C

Reën bombardeer die stad New York, oorstroom ondergrondse spoorwegstasies en paaie
Meer as 12 mense is gered van ’n oorstroomde hoofweg in die Bronx, en kitsvloedwake bly van krag as gevolg van Tropiese Storm Elsa.

Tropiese Storm Elsa bombardeer die stad New York, en oorstroom ondergrondse spoorwegstasies
Tropiese Storm Elsa het paaie en ondergrondse spoorwegstasies in dele van die stad New York oorstroom, en veroorsaak dat sommige passasiers deur water moes waad om stasies te verlaat.

Deur Ed Shanahan and Ashley Wong

Gepubliseer 8 Julie 2021, Bygewerk 20 Julie 2021

Swaar reën het steeds Vrydagoggend in New York, New Jersey en Connecticut geval namate Tropiese Storm Elsa langs die noordoostelike kus opbeweeg het.

Ná ’n nag van aanhoudende storms en hewige vloede, was waarskuwings oor tropiese storms en kitsvloede steeds van krag tot Vrydagmiddag, volgens die Nasionale Weerdiens. Die storm sal na verwagting deur suidelike New England beweeg, met winde van tot 50 myl per uur, wat tot vloedwaarskuwings tot 16h00 in dele van Massachusetts aanleiding gee.

Volgens plasings op sosiale media op Vrydagoggend het erge donderstorms in Westernville, N.Y. in die Oneidadistrik bome ontwortel, dakke afgewaai en kragdrade beskadig. Die Nasionale Weerdiens sal op Vrydag ’n opname doen om vas te stel of die storms inderwaarheid ’n tornado was.

Connecticut het Vrydagoggend ernstige vloede ervaar toe verskeie sentimeter water die strate van Hartford en die middestad van New Haven oorstroom het. In West Haven is treindienste van Metro North opgeskort nadat reënval ’n grondstorting naby die spoorlyne veroorsaak het.

Nassaudistrik op Long Island het ’n waarskuwing uitgereik teen swem by 17 van sy strande wat vatbaar is vir verhoogde bakterievlakke tydens swaar reënval, wat stormwaterafloop kan verhoog.

En in die stad New York en sy voorstede het swaar reën die polisie Donderdag genoodsaak om meer as 12 mense te red van ’n oorstroomde gedeelte van die hoofweg, en voornemende ondergrondse treinpassasiers gedwing om tot by hul middellyf deur water te waad op pad na Upper Manhattan-stasie.

Video’s op Twitter het gewys hoe verskeie ondergrondse stasies met water oorstroom is – sommige van bo, en ander van onder af. Die No.1-stasie by Broadway en 157th Street in Manhattan het die meeste onder die storm deurgeloop, met sommige passasiers wat besluit het om deur vuil water te loop op pad na die platform.

Beamptes is gereed vir Elsa se aankoms, en het spanne oor die stad heen ontplooi om die vloedprobleme so gou moontlik te hanteer. Hulle het gewaarsku teen stasies wat steeds onder water kan wees.

‘Dreins werk besonder goed,’ het Sarah Feinberg, die tussentydse president van die stad New York se treindiens, wat die ondergrondse spoorwegstelsel beheer, in ’n boodskap op Twitter gesê.
Die agentskap se spanne het bygevoeg dat hulle, soos altyd, hard en vinnig werk en goeie werk verrig. Hulle moet die ruimte en geleentheid gegun word om hul werk in veilige omstandighede te verrig.

JONGSTE NUUSFLITSE

Lees die volle dekking oor tropiese storm Elsa.

Die ondergrondse spoorwegstelsel self is grootliks in bedryf, met slegs die noordelikste deel van die A-lyn wat buite werking is as gevolg van die reën, het beamptes gesê.
In ’n onderhoud het me Feinberg gesê die oorstroming van stasies op Donderdag was die gevolg van ’n sameloop van faktore: ondergrondse dreins wat oorweldig is deur die felheid van die reën; lugopeninge en trappe wat om dieselfde rede as leipype gedien het en stormwater op straatvlak wat oor straatrande gespoel en in die ondergrondse spoorwegstelsel gevloei het.

‘Jy kan in die moeilikheid beland as jy op die verkeerde tydstip op die verkeerde plek betrap word,’ het mnr Pollina gesê. Sowel die vervoerowerheid as die stad New York se treinstelsel het verskeie maatreëls vir die storm se aankoms getref.

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM D



Palm Continental Hotel

4.0 km na FNB Soccer City-stadion



Kensington Place

Hotel in Stadskern, Kaapstad (1.2 km van Tafelberg)

Hierdie toonaangewende boetiekhotel is geleë aan die voet van Tafelberg, om die draai van Kloofstraat. Dit het 'n buitelugswembad met uitsig oor die berg en bied lugversorgde kamers met balkonne.



Sandstone Manor

Gastehuis in Mosselbaai

Sandstone Manor is ideaal geleë in Mosselbaai, naby die dorp se geriewe en besienswaardighede. Akkommodasie by Sandstone Manor bestaan uit 10 individueel ingerigte kamers.

Veilige parkering	Gratis WiFi	Kombuisgeriewe
Wasserydiens	Geen rook binnenshuis	Persoonlike kluis

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

ADDENDUM D (vervolg)



Betty's Boutique Hotel

Gastehuis in Mosselbaai-Sentraal, Mosselbaai

Betty's Boutique Hotel is 'n pragtige huis in Mosselbaai wat in 1903 uit kalksteen gebou is. Dit straal elegansie uit 'n vergange era uit, en word as 'n gebou van historiese belang beskou.

Swembad	Braai-area	Rolstoelvriendelik
Veilige parkering	Gratis WiFi	Swem



Letaba-ruskamp

2-sterhotel

Krugerwildtuin, Lethaba-Shingwedzistraat, Mpumalanga, 1350•013 735 6636

Letaba is 'n belangrike ruskamp langs die Letabarivier in die noord-sentrale streek van die Krugerwildtuin in Suid-Afrika. Dit is geleë naby die sameloop van die H1 en die pad na Phalaborwa-hek. Die naam is afkomstig van die Sesotho-woord vir 'rivier van sand' as gevolg van die breë, gewoonlik vlak rivier.



Kennaway Hotel

3-ster-hotel

Esplanadestraat 331, Quigney, Oos-Londen, 5201•043 743 3433

Hierdie instelling aan die seefront bied gerieflike kamers, plus konferensie- en banketgeriewe.

Kopiereg voorbehou